HEROLDSBAAI jeugoord

Epos: besprekings@heroldsbaaijeugoord.co.za
Leani: 084 245 2207
Neil: 072 850 3629
www.heroldsbaaijeugoord.co.za

HEROLDSBAAI JEUGOORD

Huisreëls

INLEIDING

1. Die onderstaande reëls moet deur die verantwoordelike persoon/groepleier voor besetting aan groep(e) voorgelees en verduidelik word.
2. By aankoms en voordat u vertrek, moet die verantwoordelike persoon/groepleier en die Bestuurder die perseel/gebou inspekteer vir enige breekskade en verliese wat tydens u verblyf mag ontstaan het. Fotos van die skade sal geneem word.
3. Die reg van toegang word voorbehou. Die verslag van verblyf moet voltooi word.

REëLS

1. Die Jeugoord is beskikbaar vanaf 14:00 op datum van aankoms. Dit moet voor of nie later nie as 10:00 op die datum van vertrek ontruim word. Indien u na 10:00 vertrek sal 'n ekstra dag van u verhaal word.
2. Stilte moet elke aand vanaf 22:00 gehandhaaf word.
3. Maak seker dat alle buitedeure gesluit en vensters toe is wanneer u die geboue verlaat of vertrek.
4. Maak seker dat die alarmstelsel geaktiveer word.

Epos: besprekings@heroldsbaaijeugoord.co.za
Leani: 084 245 2207
Neil: 072 850 3629
www.heroldsbaaijeugoord.co.za

5. Moenie op die dakke, mure of deur vensters klim nie. Moenie op die trapreëlings afgly nie. Respekteer die areas waar tuingemaak is.
6. Maak asb alles skoon na gebruik in die kombuis, koelkamer, braai-area en spens en plaas alle toebehore weer op hul plek.
7. Maak asb die saal, kombuis, onderdak braaigeriewe en wooneenhede (toilette en storte ingesluit) daagliks netjies en skoon. **Alle geriewe moet asb na gebruik gelaat word in die toestand waarin dit gekry is.**
8. Plaas afval, vullis en **koue braai-as** in swart sakke in die vullisdromme.
9. Gebruik alleenlik toiletpapier in die toilette. Maak gebruik van sanitêre drommetjies.
10. Moenie rommel strooi nie.
11. Gebruik asb die water spaarsaam - dit is kosbaar. Maak al die krane styf toe.
12. Gebruik elektrisiteit en gas spaarsaam. Skakel ligte af wanneer u die gebou verlaat.
13. Enige breekskade moet asb onmiddellik aan die Bestuurder gerapporteer word.
14. Moenie met elektriese toerusting peuter indien dit foutief raak nie. Rapporteer dit onmiddellik aan die Bestuurder.
15. Skuif asb die gordyne versigtig oop. Moet asb nie klere aan die gordynstawe ophang nie.
16. Beddens mag onder geen omstandighede rondgeskuif of beskadig word nie.
17. **Geen ameublement mag van een gebou na 'n ander verskuif word nie.** (Dit kan die vloere beskadig.) Geen stoele mag buite die geboue (behalwe op stoep) gebruik word nie.
18. Matrasse mag nie van beddens verwyder word nie.

Epos: besprekings@heroldsbaaijeugoord.co.za
Leani: 084 245 2207
Neil: 072 850 3629
www.heroldsbaaijeugoord.co.za

19. Moet asseblief onder geen omstandighede binne enige van die geboue rook nie.
20. Spoel seesand en grond buite by 'n kraan of buite-stort af voordat by die geboue ingegaan word.
21. Parkeer voertuie oordeelkundig. Parkering voor die kerksaal moet asb op 'n Sondagoggend **voor 08:00** ontruim word vir die gebruik van kerkgangers.
22. **Geen troeteldiere word toegelaat nie**.
23. Moenie enige diere (insluitende die apies) voer nie.
24. Braaivleisvure **mag slegs** in die voorsiene area gemaak word. Sorg asb dat alle vure nadat u gebraai het, geblus is, en dat die braaiplek skoon gemaak is. Gooi **koue braai-as** in swart sakke in die vullisdromme.
25. Die Bestuurder neem geen verantwoordelikheid vir enige artikels wat na vertrek agtergelaat word nie.
26. Alle sleutels en afstandbeheermeganismes moet voor vertrek aan die Terreinbestuurder oorhandig word.
27. Geen tente en karavane word op die perseel toegelaat nie.
28. **Die onderste huis is uitsluitlik vir meisies en die boonste huis uitsluitlik vir seuns.**

_____

Verantwoordelike persoon/Groepleier

_____

Datum